Rapport Afrikaans.
3-12-2017.

Nuut op die rak

Soek jou wortels op die web

Die geboorte van die wêreldwye web het genealogiese navorsing vergemaklik maar ook gekompliseer, omdat jy nou deur derduisende irrelevante webwerwe moet worstel om uit te vind watter navorsing daar reeds oor jou familie gedoen is.

Dis waar dr. Marthinus Jordaan, 'n voormalige nasionale voorsitter van die Genealogiese Vereniging van Suid-Afrika, se omvattende, volledig tweetalige *'n www Genealogiese katalogus 2009-2017* in die prentjie kom. Dié katalogus, die eerste in sy soort in Suid-Afrika (wat ook 'n CD insluit), bevat 334 234 skakels na genealogies verwante elektroniese mediabronne soos webwerwe, e-pos- en besprekingslyste, blogs, Facebook-groepe en 'n magdom ander bronne wat deur tiltels saamgegroepeer word en dit maklik maak om die bronne en inligting op te spoor wat op jou soektog betrekking het.



Dis die perfekte Krismisboks vir enigiemand wat nog altyd oor hul voorvaders gewonder het. Die katalogus-met-CD kos R200 en is te koop by takke van Protea Boekhuis, of bestel dit direk van die skrywer by navorsing@mjsjordaan.co.za.

■ **Besoek www.mjsjordaan.co.za vir meer inligting.**